

DIE SKIETLOOD

Uitgawe 118 - 25 Augustus 2017
saam met Koersvas 118



NGB ARTIKEL 11

Net soos met die Tweede Persoon, is dit ook nodig om te handel oor die Godheid van die Derde Persoon. Die Heilige Gees is die Derde Persoon van die Triniteit. Lesers wat die Triniteit se geheimenis ten volle verstaan, gaan gou besef dat dit nie ons beskore is om alles te weet nie. Die kerk van alle eeue se verstaan oor die Triniteit word verwoord in die belydenis vernoem na *Athanasius*.

Die Godheid van die Heilige Gees in die besonder moet van nader beskou word om 'n verskeidenheid redes. Die aard van die Heilige Gees se Godheid het reeds in die 11e eeu tot skeuring gelei. Die Charismatiese kerke en hulle groei maak dit noodsaaklik dat ons as Reformatore sal verstaan wat ons bely oor hierdie Gees van God. Die artikel word soos gebruiklik woordeliks aangehaal en daarna word betekenis uitgepluis. Die NGB artikel 11 is in vetdruk.

DIE GODHEID VAN DIE HEILIGE GEES

Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van ewigheid van die Vader en die Seun uitgaan; dat Hy nie gemaak of geskep of gebore is nie maar van albei slegs uitgaan; dat Hy in orde die derde Persoon in die Drie-eenheid is; dat Hy van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun is; dat Hy inderdaad ware en ewige God is, soos die Heilige Skrif ons leer.

Die Godheid van die Heilige Gees word duidelik deur die Bybel gestel, al is daar nie soveel tekste ter ondersteuning van die feit nie. Die Heilige Gees word duidelik God genoem, ons kry die opdrag om die

Heilige Gees te vereer en die doopopdrag voeg Heilige Gees by Vader en Seun. Indien die Godheid van die Heilige Gees betwyfel word, is die leer aangaande die Triniteit in gedrang.

Voordat sinne afsonderlik hanteer word, eers die saak in volledigheid. Die saak wat in die 11e eeu (1054 nC) die kerk laat skeur het, is die sogenaamde *filioque* (Latyn – ‘en die Seun’) kontrovers. Die *filioque* was te Toledo in 589 nC in die Latynse teks van die Niceense belydenis bygevoeg. Dit is hierdie byvoeging wat in 1054 nC tot die skeuring van die Katolieke kerk gelei het. Hierdie skeiding oor die kontrovers beteken dat daar vandag nog 'n Westerse (Roomse) trajek en 'n Oosterse (Grieks- en Russies Ortodoks) trajek van die kerk bestaan. Die bewoording in Artikel 11 dui duidelik dat die Protestante vadere by die behoud van die woord gestaan het. Waaroor die kontrovers oor een woord?

Ons lees in die Bybel in Johannes 15: 26 “*Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.*” Die saak ter sprake is die proses (uitgaan) van die Heilige Gees. Die Weste was oortuig dat die Gees van die Vader en die Seun uitgaan. Die Ooste het geweier om te bely dat die Gees van die Vader en die Seun uitgaan. Albei partye bely dat die Gees saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word (hier is die Latyn inderdaad *filioque*). Die kontensie is met ander woorde gebou rondom die “uitgaan” van die Gees en die tweede gebruik van die woord *filioque*. Die Oosterse kerk was baie meer gefokus op

die mistiese en het aan die Triniteit as 'n lossere verbintenis gedink. Die Grieks/Russies Ortodokse kerk het nie werklik 'n sistematiese teologiese benadering tot geloof nie, eerder 'n misties-liturgiese benadering. Die Oosterse trajek was verder oortuigend dat enige verandering aan die geloofsbelydenis deur 'n konsilie gedoen moet word. Die byvoeging van 'n woord sonder 'n besluit deur 'n Katolieke kerkvergadering (konsilie) was vir hulle onaanvaarbaar. Volledigheidshalwe moet gestel word dat 'n stryd oor die gesag van die pous ook een van die redes was vir die skeuring.

Dit is gerade om die historiese agtergrond duidelik te maak sodat niemand dink die kerk het oor een skynbaar onskuldige woordjie geskeur nie. Die artikel het reeds gestel dat enige ontkenning van die volle Goddelikheid van die Heilige Gees die leer aangaande die Triniteit in gedrang bring. Die kerk se stryd met Arius in die vierde eeu nC was skaars verby of ene Macedonius het probeer om die Ortodokse- en die Arius standpunte (Semi-Arianisme) te versoen. Hy het dit gedoen deur te leer dat die Heilige Gees van 'n laer orde is as die Seun, nie van dieselfde wese is nie. Macedonius se standpunt is by die konsilie te Konstantinopel verwerp, en die volgende woorde is by die Niceense belydenis gevoeg: "wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. Hy het deur die profete gespreek." Die Oosters-Ortodokse kerk het verkeerdlik vermoed dat 'n nuwe vorm van semi-Arianisme agter die byvoeging van *filioque* lê. Wat eintlik op die spel is, is 'n ander verstaan van die werk van die Heilige Gees ten opsigte van

God se versoeningswerk in en deur die Seun.

Daar is nog redes vir die Protestantse kerk se gebruik om die Pneumatologie af te skeep. Die oordadigheid en flambojante vergrype van die Charismatiese beweging het gemaak dat die Reformatore nie die Pneumatologie (leer oor die Gees) na behore hanteer nie. Dit terwyl Calvyn die rol van die Heilige Gees in ons verstaan van die soteriologie (leer oor die verlossing) duidelik uitgestip het. Ons lees in die Heidelbergse Kategismus Sondag 20 Vraag 53: *Wat glo jy van die Heilige Gees? Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Ten tweede is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, my troos en ewig by my bly.* Dit is duidelik dat die Heilige Gees se werk ons telkens terug verwys na die soenoffer van Christus. Die eenheid van God se handeling met die mens spreek van 'n harmonie in werking deur Vader, Seun en Gees.

Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van ewigheid van die Vader en die Seun uitgaan;

Johannes 15:26 stel dat die Seun die Gees sal stuur, die Gees wat van die Vader uitgaan. Die Seun kan die Gees net stuur indien die Gees van Hom ook uitgaan. Daarmee saam lees ons in Galasiërs 4:6 "En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader!" Die Gees is met ander woorde ook die Seun se Gees. Romeine 8:9 "Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie." Dit is met ander woorde

duidelik dat die Heilige Gees se uitgaan beide Vader en Seun insluit. Dit kan eintlik nie anders nie. Die Bybel leer ons dat God intern in harmonie is. Die Vader, Seun en Heilige Gees het een doel voor oë, en dit is die redding van die mens.

dat Hy nie gemaak of geskep of gebore is nie maar van albei slegs uitgaan;

Die Heilige Gees is nie geskep nie, het nie 'n ontstaan nie. Die Heilige Gees is soos Vader en Seun van ewigheid daar. Ons lees in Genesis 1:2 *“Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.”* Die Gees was met ander woorde daar by die skepping, was reeds voor en buite die skepping die derde Persoon.

dat Hy in orde die derde Persoon in die Drie-eenheid is;

Hierdie saak kan net gestel word op grond van die openbaring. Ons leer eers die Vader ken, dan leer ons die Seun ken en dan belowe die Seun die Heilige Gees as parakleet en trooster.

dat Hy van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun is;

Indien ons die fokus sou wou plaas op die attribute (eienskappe) van God, word dit gou duidelik dat die Heilige Gees God is. Dit wat erken word aangaande God, word ook bely aangaande die Heilige Gees. Psalm 139:7-10 vertel van die Gees van God wat oral teenwoordig is (alomteenwoordigheid). Die alwetenskap van God se Gees kom ook na vore omdat die Gees die Psalmis se diepste denke ken.

1 Korintiërs 2:11 *“Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God.”* Die Heilige Gees is alwetend en ken die diepste geheimenisse. Daarmee saam is die

Heilige Gees die krag van God. Die Heilige Gees spreek tot ons” I Petrus 1:11 *“Die Gees van Christus wat in hulle was, het vooruit verkondig dat Christus moet ly en daarna verheerlik sal word, en hulle het probeer naspour wat die tyd en die omstandighede sou wees wat die Gees bedoel het.”* Die Gees ken die geheimenisse en het die pad gebaan vir die koms van Hom wat belowe is.

dat Hy inderdaad ware en ewige God is, soos die Heilige Skrif ons leer.

Die Godheid van Jesus word die beste illustreer deur te verwys na Handeling 5:3-4 *“Petrus sê toe vir hom: “Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg en van die verkoopprijs van die grond vir jouself agter te hou? Die grond was mos joune, en toe dit verkoop is, kon jy met die geld gemaak het wat jy wou. Wat het jou besiel om dit te doen? Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God.”* Petrus se woorde maak dit baie duidelik dat die Heilige Gees God is en dat dit dwaas is om vir God te lieg.

I Korintiërs 3:16 *“ Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?”* I Korintiërs 6:19: *“Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan juleself nie:”* Paulus aanvaar die waarheid van die Godheid van die Heilige Gees en sien geen nodigheid om sy lesers te oortuig nie. Dit is geen vreemde konsep wat hy in die brief invoer nie, dit was reeds deel van die geloof van die eerste Christene.